

Poësie se nie-hegemoniese vorm

Hein Willemse

1984

Every writer is a writer in politics. The only question is whose politics.

— Ngũgĩ wa Thiong'o

I

EK BIED DIE referaat aan in sy onafheid, in sy vraagstelling, in sy worsteling. Die vrae op die vloer is belangrik vir die wyse waarop die nie-Afrikaner-skrywer homself in hierdie samelewing sien funksioneer.

Die tema van die Beraad — die skrywer en sy ambag — sluit nie net die verhouding tussen skrywer, materiaal en instrumente in nie, maar het besliste heenwysings na dié tussen die skrywer en die tradisie waarin hy skryf.

Ek neem my teksvers van Ngugi: geen skrywer, reken hy, kan buite die politiek staan nie. Politiek in die breë, ook die sosiale en ekonomiese fasette van gemeenskap, sou ek wou interpoleer. Elke skrywer is dus deel van daardie komplekse stryd. Die kernvraag vir Ngugi is: aan wie se stryd het die skrywer deel? Die titel van my voordrag is: "Poësie se nie-hegemoniese vorm". Hiermee word die stryd en strydvaardigheid in 'n samelewing — die implikasie van die Ngũgĩ-sitaat — ondervang. Die hegemoniese poësie, die teenkant van my ondersoek, slaan op 'n poësie of letterkunde wat bemiddeld verbonde is aan die heersende orde. Met die nie-hegemoniese poësie in stryd met daardie orde. Die strekking is dus dat poësie nie aan daardie stryd kan ontkom nie. Hoe seer hy dit ook al wil. Elke literêre artefak lewer op een of ander wyse verslag van die ideologiese strominge van sy tyd.

As terminologiese verklaring: Die begrip *hegemonie* is ontleen aan die Italianer Antonio Gramsci (1971:passim). Die heersende orde word nie net gelegitimeer deur direkte ekonomiese, politieke of militêre mag nie, maar ook deur intellektuele en morele leierskap. Hegemonie verwys na die intellektuele en morele oorwig van die heersende orde in 'n samelewing en word versprei deur die instellings

van die burgerlike gemeenskap (Gramsci se "civil society"), byvoorbeeld die familie, kerk, skole, óók die literêre instellings. Die waardes van die heersende orde word deur dié godsdienstige en opvoedkundige organisasies versprei en die individu word gesosialiseer om die heerserslegitimititeit te aanvaar. Met die literatuur word die dominante groepwaardes nie noodwendig direk nie, maar dialekties en bemiddeld oorgedra.

II
Laat my toe om my verhouding tot die Afrikaanse letterkunde te ondersoek. Terwyl ek met besondere gesag kan sê dat die Afrikaanse taal nie slegs die taal van die Afrikaner is nie, kan ek nie dieselfde vrymoedigheid met die Afrikaanse letterkunde hê nie. Afrikaans is vir my voertaal, leeftaal, skryftaal. Met Afrikaans het ek g'n probleem nie. Afrikaans, soos ek hom ken, is die taal van die peasant; Afrikaans is die taal van arm en gedomineerde mense. Afrikaans is nie net die verstarde beeldspraak van die politieke sy van die heersersorde nie. As Afrikaans die taal van arm, gedomineerde mense is, is dit ook die taal van mense in stryd. Afrikaans is inderdaad die taal waarmee ons ons in 'n sosiale, politieke en ekonomiese stryd oproep.

Die Afrikaanse letterkunde is daarenteen feitlik die uitsluitlike pennemonument van Afrikaner-skrywers vir meer as 'n eeu. As letterkunde dra dit die mote, die stralekrans van 'n uitgesponne proses van omvattende verandering en ontwikkeling. Met Afrikaanse letterkunde is die stryd aangepak teen Britse Imperialisme, teen Afrikaner-armoede, teen Afrikaner-onreg, teen Afrikaner-selfsug. Maar helaas. Die Afrikaanse letterkunde was ook 'n kragtige bondgenoot in die skepping van 'n onderskeibare Afrikanerbewussyn. Die Afrikaanse letterkunde het belangwekkende bydraes gemaak tot apartheid en neo-apartheid. Met die Afrikaanse letterkunde is die hegemonie van die Afrikaner voorberei en is die piramide van Afrikaner-nasionalisme gebou. Die Afrikaanse letterkunde is deel van die wisselwerking tussen Afrikaner-skrywer en Afrikaner — 'n verbondenheid tussen intellektueel en volk. Selfs al skryf dié skrywers oor die volksvreemde, selfs al tugtig hulle die volk, is die oproep in die laaste instansie om die volk daarby te betrek, om die volk oper te maak, om die volk mensliker te maak. Inderdaad 'n hegte en sonderlinge verhouding.

Ek skryf Afrikaans. Ek stry in Afrikaans. Maar het ek deel aan die Afrikaanse letterkunde? Wat is my verhouding tot 'n letterkunde wat in essensie so diametraal tot my staan? Miskien sou my vraagstelling eerliker wees as ek vra: skep ons aan dieselfde letterkunde? Kán ons aan dieselfde letterkunde skep? Miskien moet mens die vraag uit 'n ander hoek bekyk: is dit waar dat daar één Afrikaanse letterkunde is, dat daar één gemene kultuur is? Is dit waar? Vir mense in stryd — sosiaal, ekonomies, polities — vir 'n taal in stryd kan ons nog die gemeenskaplike skeer van die kam verduur? Saam met die kritikus Jameson wil ek aanvoer dat in die estetiese sfeer die proses van die universalisering van kultuur die verdringing van die opposisionele stem impliseer (1981:87).

Naas die Afrikaner-letterkunde bestaan daar 'n vegtende stem. 'n Stem wat nie die estetiese bekommernisse van 'n gesetelde orde kan deel nie, 'n stem wie se belange in stryd is met die heersende orde, 'n stem wat kliphard moet keer om nie gekoöpteer te word nie. Die waardes van dié vegtende stem is totaal anders as die hoofstroom in die Afrikaner-letterkunde. In vele opsigte staan hierdie stem in 'n ondermynende posisie. Die nie-hegemoniese poësie is translinguisties, is nie-etnies, is efemeer, is pamfletpoësie, is in stryd met die luukse. Dié poësie is 'n poging tot die integrasie van opstand, stryd en menslikheid. Die sensibiteit van die individu en die gemeenskap loop hier in dieselfde stroom.

III
Skryf, wil dit my voorkom, is nie los te sien van sy materiële omstandighede nie. Die gevolg hiervan is volgens Pablo Neruda (1974:4) 'n skisofrenie:

I must, from time to time, be a poet of public use, that is to say, I must give the brakeman, steward, foreman, farmer, gasfitter or the simple regimental rogue the capability of cutting loose with a clean punch or shooting out of his ears.

Ook die mark moet vir die nie-hegemoniese poësie van belang wees. 'n Begrip van die digter se werksaamheid sluit nie net skryf in nie, ook sy afsetgebied, ook sy uitgewers is belangrik. Ek kan nie daaraan ontkom dat my deelname as skrywer ook van dié verhoudings moet kennis neem nie. In watter verhouding staan die nie-hegemoniese skrywer tot die Afrikaanse uitgewersbedryf? Hoe staan die uitgewersbedryf ideologies?

Publikasie, soos die Afrikaanse letterkunde, is gestratifiseer. Juis

daarom moet die interrelasie tussen Afrikaanse uitgewer, grootkapitaal en die politieke magsorde ondersoek word. Die totale produksieproses is vir die nie-hegemoniese skrywer van belang. Daarom is die vestiging en die operering van alternatiewe produksiekanale ter sake. Ek sien die nie-hegemoniese poësie by gemeenskapsuitstallings, politieke vergaderings, vakuniebyeenkomste, fabrieksvloere. Ook by partye en kroeë. Ek sien dit in aktiewe stryd as die vestiging van 'n alternatiewe literêre tradisie.

Uiteindelik verruim (verrym?) ons die tale van ons land, vestig ons 'n poësie wat willens en wetens in stryd staan met die hegemonie van die heersende orde.

Bibliografie

1. Gramsci, Antonio. 1971. *Selections from prison notebooks*. Vertaling: Quintin Hoare & Geoffrey N. Smith. London: Lawrence & Wishart.
2. Jameson, Fredric. 1981. *The political unconscious*. London: Methuen.
3. Neruda, Pablo. 1979. *Incitement to Nixoncide and praise for the Chilean Revolution*. Vertaling: Steve Kowitz. Geen plek: Quixote Press.

(Uit: *Stet*, 2 (4), 1984)